

# WITSTINKHOUT – DIE GROOT VERWARRING

LOU COETZER

***Celtis africana*** staan in die volksmond as Witstinkhout/*White-stinkwood* bekend. Hier in Pretoria en elders in die land is hierdie boomsoort baie goed aan tuiniers, houtwerkers, boomslopers en boomkwekers bekend. Soos alle ander volksname het die naam “witstinkhout” ook in die volksmond ontstaan en later ingeburger geraak. Die “stink” van die populêre naam is skynbaar vanweë die slegte reuk van die vars gesaagde nat hout. Omdat daar reeds ‘n “stinkhout” (*Ocotea bullata*) bekend was, en ook so genoem is vanweë die reuk afkomstig van vars gesaagde hout, is na *Celtis africana* as die “wit” stinkhout met sy wit hout verwys. **Stinkhout** en **witstinkhout** is geensins verwant nie hoewel hulle natuurlike verspreidingsgebiede in ‘n strook aan ons ooskus en in die berggebiede van Mphumalanga oorvleuel. Hulle is dus lank reeds in bepaalde gebiede saam bekend. Stinkhout (*Ocotea bullata*) word in sommige gebiede ook **swartstinkhout** genoem, skynbaar om dit van witstinkhout te onderskei.

In Suid-Afrika word die genus ***Celtis*** deur drie spesies verteenwoordig naamlik *Celtis africana*, *Celtis gomphophylla* en *Celtis mildbraedii*. Laasgenoemde groei tot ‘n onopvallende, struikerige boompie en is relatief onbekend, terwyl eersgenoemde twee groot bome kan word. Uit die bestudering van die populêre/algemene/volksname blyk dit dat hoe groter ‘n spesie se verspreidingsgebied is, hoe meer volksname aan so ‘n plantsoort toegedig word. Die drie ***Celtis***-spesies staan ondermeer ook soos volg in die volksmond bekend:

***Celtis africana*** (**Afr.** – witstinkhout, kamdeboostinkhout; **Eng.** - white-stinkwood, African elm, Camdeboo celtis, Camdeboo-stinkwood, cannibal-stinkwood, common celtis; **Duits** - Weisser Stinkholtzbaum). Hierby kan ook 27 algemene name uit die swart tale gevoeg word.

***Celtis gomphophylla*** (**Afr.** – growweblaarwitstinkhout, basterwitstinkhout, valswitstinkhout; **Eng.** – rough-leaved white stinkwood, false white-stinkwood, forest celtis, Rhodesian-stinkwood). Plus 10 algemene name uit die swart tale.

***Celtis mildbraedii*** (**Afr.** – rooivrugwitstinkhout, natalwitstinkhout; **Eng.** – red-fruited white-stinkwood, red-fruited celtis, red-fruited guniti). Plus drie algemene name uit swart tale.

Die “verwarring” in die titel hier bo verwys na die probleem wat ontstaan het met twee uitheemse *Celtis*-soorte wat ingevoer en veral in die kouer hoëveldstreke aangeplant is. Tans word hulle egter volop in ander gebiede vir skadubome en langs strate aangeplant. Hulle is *Celtis australis* en *Celtis sinensis*. Hulle word egter **netelbome (nettle trees)** genoem in hulle lande van oorsprong. Hulle teenwoordigheid in Suid-Afrika kan teruggevoer word na die Europese tuinboukundiges wat in die vroeë vyftigerjare en sestigerjare in Suid-Afrika geëmplojeer is. Hierdie tuinboukundiges het talle Europese plantspesies na Suid-Afrika ingevoer omdat hulle met die kweking van hierdie soorte goed vertrou was. Beide trek baie

op *Celtis africana* en dit is begryplik waarom hulle verkeerdelik ook “witstinkhout” genoem word.

‘n Verdere bron van verwarring is hierdie twee uitheemse spesies se lande van herkoms. *Celtis australis* se natuurlike verspreiding is in die suidelike Europese lande en westelike Asië, terwyl *Celtis sinensis* natuurlik in China, Korea en Japan voorkom. Die verwarring oor *Celtis australis* se afkoms lê in die spesifieke epiteton *australis* wat “**suidelike**” beteken en deur baie mense as verwysende na Australië beteken. Dit verwys egter na die “suidelike Europa”.

Populêre name vir hierdie twee uitheemse boomsoorte is:

***Celtis australis*** – (Afr. – Netelboom; Eng. – Nettle tree, European Hackberry; Duits - Zürgelbaum). Onuitspreekbare Franse, Italiaanse en Kroatiese name word ook genoem.

***Celtis sinensis*** – (Afr. – Chinese Netelboom; Eng. – Chinese Nettle tree; Chinees – Po shu).

Die dilemma vir belangstellendes in boom-identifisering is dan juis HOE om tussen hierdie soorte te kan onderskei? Dalk sal die volgende uiteensetting van die makro-morfologiese kenmerke van die betrokke boomsoorte help.

	<b>BAS</b>	<b>BLARE</b>	<b>VRUGTE</b>
<b><i>Celtis africana</i></b>	Liggrys met relatief fyn tot gladde tekstuur	Breed-ovaal, dofgroen, beide kante <b>yl tot dig behaar</b> , voorste een derde tot helfte van blaarrand getand, apikale punt spitslopend.	Steenvruggie met dun vlees (mesokarp), rond, gelerig tot bruin of pers wanneer ryp, 6 mm in deursnee, vrugsteel 6 - 8 mm lank.
<b><i>Celtis australis</i></b>	Lig- tot donkergrys met relatief fyn tot gladde tekstuur	Vorm en kleur soortgelyk aan <i>C. africana</i> . Blaarrand volledig of bykans volledig getand, blaarsteel en onderkant van blaarskyf <b>effens harig</b> , apikale punt nie opvallend spitslopend.	Vlesige steenvruggie, rond, 10 – 12 mm in deursnee, pers tot swart wanneer ryp, vrugsteel 15 – 20 mm lank.
<b><i>Celtis sinensis</i></b>	Lig- tot donkergrys met relatief fyn tot gladde tekstuur	Vorm en kleur soos vir <i>C. africana</i> . Opvallend hard en blink ( <b>onbehaar</b> ), bokant donkerder as onderkant, blaarrand stomp-getand in apikale een derde, apikale punt nie opvallend spitslopend.	Steenvruggie met dun mesokarp, rond, gelerig tot oranje wanneer ryp, 5 – 8 mm in deursnee, vrugsteel 5 – 8 mm lank.

Uit die inligting in bostaande tabel is dit duidelik dat dit baie moeilik is om hierdie boomsoorte net op grond van hul groeivorm, stamme en baskenmerke van mekaar te onderskei. Die kenmerke van die blare en vrugte moet eerder hiervoor gebruik word. Dit word in die volgende foto's verduidelik en geïllustreer.



Takkie met blare van *Celtis africana*. Vertoon dofgroen vanweë die fyn haartjies daarop. Let op die vorm van die blaarpunte en hoe ver na agter die lamina getand is.



Takkie met blare van *Celtis sinensis* wat blink vertoon vanweë die afwesigheid van haartjies. Die blaarpunte is minder prominent en die blaarrande minder getand as by *C. africana*. Die skaal-eenheid is 'n 8 mm moertjie.



Die baspatroon van *Celtis africana*. Dit is baie soortgelyk aan dié van die uitheemse *Celtis*-soorte.



Dit is baie tipies van *Celtis sinensis* dat die blare nie afsonderlik afsnoer nie, maar in groepe soortgelyk aan die pinnas van saamgestelde blare. Hierdie foto toon 'n kort systingel met blare wat as 'n eenheid afgesnoer het. Die kort, oorblywende vrugsteeltjies is ook sigbaar.



‘n Takkie met blare, ‘n vruggie en vrugsteeltjies van *Celtis africana*. Die blomme word enkel en okselstandig gedra. Al die *Celtis*-soorte word deur die wind bestuif.



Verskeie takkies van *Celtis sinensis* wat gedurende die herfs afgesnoer word – soms met blare aan en soms daarsonder. Hierdie verskynsel is onbekend by *Celtis africana*.

## SAMEVATTING

Die twee uitheemse *Celtis*-spesies naamlik *Celtis australis* en *Celtis sinensis* (netelboomsoorte) word baie maklik met ons inheemse *Celtis africana* (witstinkhout) verwar omdat hulle in so baie kenmerke met mekaar ooreenstem. Dit is dus verstaanbaar waarom die algemene publiek dan meen dit is een en dieselfde spesie en al hierdie soorte bome **witstinkhout** noem. Ander persone wat reeds van die verskillende spesies kennis geneem het, praat weer maklik van die Australiese witstinkhout, wat natuurlik ook foutief is.

Uit die verduideliking hier bo blyk dit egter dat die uitheemse *Celtis*-soorte as **netelbome** bekend staan, uit die noordelike halfrond afkomstig is en op grond van hul blaar- en vrugkenmerke van **witstinkhout** onderskei kan word. In die winter word daar dus met groot moeite tussen die blaarlose bome onderskei omdat hulle groeiwyse en baspatrone so baie ooreenstem. In die lente bot *Celtis africana* egter eerste en vroeër as *Celtis sinensis*. Laasgenoemde se baskleur is ook opvallende donkerder as dié van *Celtis africana* en is soms 'n gerieflike kenmerk om die blaarlose bome van mekaar te onderskei.

Volgens Glen & Van Wyk (2016) hibridiseer die uitheemse *Celtis*-soorte maklik met *Celtis africana* en met mekaar in Gauteng. Daarom is dit baie moontlik om dan in hierdie omgewing met die identifisering van 'n sekere *Celtis*-boom te sukkel omdat dit 'n hibried kan wees en kenmerke van beide *Celtis africana* en een van die Europese *Celtis*-soorte openbaar.

## BRONNE GERAADPLEEG

1. Hugh Glen & Braam van Wyk, 2016, **Guide to TREES introduced into Southern Africa**. Struik Nature, Kaapstad.
2. Braam van Wyk, Erika van den Berg, Meg Coates Palgrave & Marie Jordaan, 2011, **Dictionary of names for southern African trees**. Briza, Pretoria.
3. Braam van Wyk & Piet van Wyk, 2013, **Veldgids tot BOME van Suider-Afrika**. Struik Nature, Kaapstad.
4. Stephanie Dyer, Barry James & Danielle James, 2016. **Suider-Afrikaanse HOUT**. Briza, Pretoria.